

Die boodskap van die beelde

Jordaan, Tiaan. 2006. **Openbaring vandag: die boodskap agter die beelde.** Wellington: Lux Verbi.BM. 303 p. Prys: R99,95.
ISBN: 978-0-7963-0516-9.

Resensent: W.C. Vergeer
Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Dit is 'n bekende feit dat gelowiges in tye van beproewing hulle toevlug tot die boek Openbaring neem. Openbaring se beskrywing van die gebeure van die eindtyd, wat uitloop op die uiteindelijke finale deurbraak van die koninkryk van God met die terugkoms van Jesus Christus, bied aan gelowiges perspektief en hoop in die moeilike omstandighede waarin hulle hulle mag bevind.

Dit is in hierdie konteks dat 'n hele rits Afrikaanse publikasies oor die boek Openbaring die afgelope tyd verskyn het. Hieronder tel Attie Barnard se *Fokus op meer as 100 vrae oor die eindtyd* (2006, Lux Verbi.BM) en die onlangs bekroonde publikasie van Jan du Rand, *Die A-Z van Openbaring* (2008, CUM). Tiaan Jordaan se *Openbaring vandag* het egter 'n unieke aanpak, daarin dat dit veral fokus op die beelde wat in Openbaring gebruik word. Die doel is om deur die verklaring van die beelde, Openbaring se "baadjie van vreemd-

heid” uit te trek en die boodskap bloot te lê, vandaar die subtitel: *Die boodskap agter die beelde* (wat moontlike beter as *Die boodskap van die beelde* weergegee kon word).

Die publikasie gebruik nie ’n vers-vir-versverklaring as metode nie, maar bestudeer en verklaar die eenheidsmotiewe in al 22 hoofstukke van Openbaring. Hiervoor wend die skrywer drie sleutels aan. In sy eie woorde: “Die oorspronklike historiese situasie as klankbord; die Ou Testament en profetiese tradisie oor die Messias as klankbaan en die simboliek in die beeldprente as klankversterker.”

Die leser word op ’n interaktiewe basis in die verklaring betrek deur bepaalde “oefeninge” wat self voltooi kan word, verrykingsblokke, oordenkings, opsommings en vrae. Die skrywer openbaar uitstekende woord- en taalvaardigheid en slaag met sy ongekompliseerde, boeiende en aktuele styl daarin om ’n aangename leeservaring te bied. Die publikasie is in alle opsigte keurig versorg. Die bruikbaarheid van die boek word verder verhoog deur intelligente bladuitleg, ’n bronnelys en indekse van die belangrikste beelde in Openbaring en die behandelde Skrifgedeeltes.

Jordaan se *Openbaring vandag* is ’n goeie wegspring vir persone wat meer oor die boek Openbaring wil weet, maar wat nie formeel teologiese opleiding ondergaan het nie. Die verklaring van Openbaring se raaiselagtige beelde wat gebied word, word wel populêr en eietyds verwoord, maar steun telkens op gesonde verklaringsbeginsels en deeglike navorsing. Terselfdertyd, soos die skrywer self in die voorwoord erken, sal nie almal altyd met alle verklarings wat gebied word, saamstem nie. Daarvoor is die simboliese beelde en taal van Openbaring inderdaad te ryk.

Gevorderde Bybelstudente of lesers wat teologies gekool is, mag dalk in sommige gevalle ’n bietjie meer verwag. Jordaan gaan byvoorbeeld nie in op die grammatikale nuanses of besonderhede van die Griekse teks van Openbaring nie. In sy bespreking van die verskillende beelde verwys hy ook nie na ’n wye verskeidenheid verstaansmoontlikhede, of tree met hulle in debat nie. Deur egter getrou te bly aan die drie sleutels wat hy vir die interpretasie van Openbaring geïdentifiseer het, bring Jordaan deurgaans sy lesers by ’n verklaring van die betrokke beeld wat in die lig van die Skrif en sosio-historiese konteks verantwoord kan word.

Ook Jordaan se hermeneuse moet as geslaagd en geldig beskou word. Die toepassing van die betekenis van die geïdentifiseerde boodskap vir vandag (soos die titel *Openbaring vandag* beloof) word

nie nagelaat nie. Dit loop egter nie uit op wilde spekulاسie of datumvoorspellings (soos soms in die toepassing van Openbaring voorkom) nie. Veeleer is daar 'n konsekwente deurtrek van die openbaringshistoriese lyne van die hele Skrif, via die konteks van die eerste lesers/hoorders van Openbaring, na die gelowige wat vandag lewe. Opmerklik is ook dat Jordaan, in sy toepassing van die boodskap van Openbaring, groot klem plaas op die gelowige wat in die eindtyd lewe se persoonlike geloofsverhouding met God deur Jesus Christus.

Dit is ook duidelik dat Jordaan se verklaring en toepassing van Openbaring vanuit 'n gereformeerde paradigma geskied. Hiervan getuig nie alleen sy metodologie nie, maar deurgaans sluit sy bevindings ook aan by, of bevestig op 'n besondere wyse, die waarhede wat in die Drie formuliere van eenheid bely word.

Die publikasie word dus van harte aanbeveel – nie maar net om eenmalig gelees te word nie, maar ook om vir baie jare as waardevolle en bruikbare naslaanbron in gelowiges se boekrakke diens te doen.